

UIT DIE PEN VAN DIE CEO (47/16)

(Volg my op Twitter [justchad_cga](#))

Justin Chadwick 23 Desember 2016



“May your Christmas be wrapped in happiness and tied with love” Anon

AANSTELLINGS - PPECB RAAD

Martli Slabber en Khaya Katoo is as sitrus- verteenwoordigers op die nuut gekose PPECB Raad aangestel. Albei is sitrusprodusente - Martli boer met sitrus in die Citrusdal omgewing; terwyl Khaya in die Patensie-streek boer. Die CGA wil hul graag bedank dat hul bereid is om die sitrusbedryf op die PPECB Raad te verteenwoordig, en wens hulle voorspoed toe met hul taak.

STAATSKOERANT 1459, 1460 EN 1461

Op 2 Desember is drie Staatskoerante gepubliseer, dit tree in werking op 1 Januarie 2017. Staatskoerant 1459 dek heffings op sitrusvrugte wat vir uitvoer bestem is; en stel die heffing op 68 sent (plus BTW) per 15 Kg karton vir 2017; en dit verhoog met 2 sent per kanton per jaar tot einde 2020. Staatskoerant 1460 dek rekords en verdienstes met betrekking tot die uitvoer van vars sitrusvrugte. Staatskoerant 1461 dek registrasie van persone wat betrokke is by die uitvoer van vars sitrusvrugte. Afskrifte van die Staatskoerant is beskikbaar by justchad@iafrica.com.

STUDIETOER WAT DIE CGA CITRUS SUMMIT GAAN INLEI

Diegene wat van ander streke reis, het 'n geleentheid om dele van die Oos-Kaap se sitrusbedryf te sien deur op die studietoer te gaan. Afgevaardigdes sal by die Boardwalk Casino se parkeerterrein om 11:00 op Maandag 6 Maart opgelaaie word - in minder as 'n uur sal hulle in die pragtige Sondagsrivier wees. Met 'n kospakke in die hand sal hulle River Bioscience se fasiliteite in Addo besoek, 'n toer onderneem na 'n sapfabriek voor hul die nuwe, “state of the art” SRCC - pakhuis in Kirkwood besoek. Dit sal gevolg word deur aandete en goeie Oos-Kaapse gasvryheid as jy in die gebied oornag. Dinsdag (die 7de) se reisplan sluit 'n demonstrasie van mot vrystellings met XSIT in; besoeke aan plaaslike boorde (middagete word voorsien) voor die reis terug deur die Addo Olifant Park na Port Elizabeth. Afgevaardigdes sal ongeveer om 17:00 terug by die parkeerterrein wees. (Betyds om gereed te maak vir die Verwelkomingsete om 19h00).

Die registrasiefooi van R1 500 (+ BTW) sluit middagete, aandete, verblyf op 6/3; ontbyt, middagete, parkfooi op 7/3 en al die vervoer van en na die Boardwalk Casino parkeerterrein in. Registrasies kan op www.cga.co.za gedoen word.

DIS DIE SEISOEN VAN GEE

Een van die doelwitte van die CGA Summit is om iets na te laat in die streek waar die geleentheid plaasvind; twee verdienstelike sake is in die Oos-Kaap geïdentifiseer:

Rita se Versorgingsoord bied kwaliteit sorg aan vyftien bejaardes; geld wat ingesamel word sal aangewend word vir die aankoop van 'n nuwe stoof, die oordoen van die elektriese bedrading en die verskaffing van 'n watertenk om 'n tuin te begin.

Langbos Creche en Sorgsentrum is geleë in 'n informele nedersetting naby Addo. Die sentrum bied 'n veilige hawe vir kinders in die hart van Langbos. Geld wat ingesamel word sal aangewend word om 'n huis vir weeskinders te bou.

Afgevaardigdes kan geld aan hierdie instansies by die registrasie vir die CGA Sitrus Summit skenk; bykomend sal enige wins wat uit die Summit gemaak word aan die instansies geskenk word. As jy reeds geregistreer het en graag 'n bydrae aan die liefdadigheidsorganisasies wil maak - kontak Robert Miller (Robertm@cga.co.za).



SUIDER-AFRIKA SE SITRUSPRODUSENTE BEFONDS HUL TOEKOMS DEUR MIDDEL VAN DIE CGA GROEP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGACC, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY AND CITRUS ACADEMY)